

F.J. Botha

Aanleiding tot wat ek gaan sê, was 'n vraag wat 'n finale jaar student teen die einde van verlede jaar gevra het: "Voel julle nie gebonde in die beoefening van die teologie deur die belydenis nie, teenoor UNISA wat vry is?" Die vraag het geimpliseer dat ons nie vrymoedig ons oortuiging kan uitspreek nie, uit vrees dat ons met die belydenis in stryd sou kom. As die belydenis egter 'n mens se persoonlike oortuiging is, staan die saak natuurlik anders. Dan weet jy dat wat jy sê, nie net jou mening is nie, maar ook dié van die kerk.

Ten opsigte van die Universiteit van Suid-Afrika moet 'n misverstand ook uit die weg geruim word. Toe die teologiese fakulteit daar tot stand gekom het, was dit op grondslag van die drie formuliere van enigheid (wat die Afrikaanssprekendes betref) en die Westminster Confession (vir die Engels-sprekendes). Graag aanvaar ek dat die lidmate van ons kerk daar hulle ook uit oortuiging aan ons belydenis gebonde beskou. Omdat ons belydenis ons oortuiging verwoord, is dit nie 'n dwang van buite wat ons opgelê word nie.

Gedurende die vakansie het daar in die Roomse kerk ook verwickelinge rondom twee teoloë plaasgevind wat die verhouding tussen teologie en belydenis weer na vore gebring het in daardie kerk. Die kongregasie vir Leer en Geloof het op 15 Desember 1979 uitgespreek dat Hans Küng „nie langer beskou kan word as 'n katolieke teoloog nie". Op Küng se werk gaan ons nie nou in nie en ook nie op die meriete en die verloop van die saak nie. Op 18 Januarie 1980 het Küng in die Franse blad Le Monde geskrywe: "Die katolieke kerk? Ja! Die Roomse inkwisisie? Nee!" Küng sê dit kan die einde beteken van vrye teologiese navorsing en besinning.

Die ander Roomse teoloog is Edward Schillebeeckx wat in Desember vir drie dae voor 'n paneel van die Kongregasie verskyn het wat sy idees ondersoek. Schillebeeckx sê daar moet 'n sekere spanning tussen die Magisterium (die kerk se amptelike leergesag) en die teologiese ondersoek bestaan.

* Rede uitgespreek tydens die opening van die Fakulteit, Februarie 1980.

Dit alles het my daartoe gebring om vanmôre iets te sê oor
Teologie en belydenis.

I Ons kan die teologie nie beoefen sonder sekere voorveronderstellings nie:

- 1 Maar dan moet ons duidelik onderskei tussen voorveronderstellings en vooroordele. 'n Vooroordeel berus nie op kennis of redenering nie, maar is 'n onlogiese houding van vyandigheid teenoor iets of iemand. 'n Voorveronderstelling is iets wat ons vooraf veronderstel by die beoefening van die wetenskap. Geen wetenskap kan beoefen word sonder sulke voorveronderstellings nie. Maar ons moet daarvan bewus wees, anders is dit gevaarlik.
- 2 Elke vak het sy eie voorveronderstellings. Dit geld ook van elke onderdeel van die hele teologiese wetenskap, bv. van die eksegeese, van die kerkreg.
- 3 Maar daar is ook algemene voorveronderstellings van die teologie as sodanig. Basies is dat die Bybel die Woord van God is, en dit beteken nie woorde oor God nie, maar Woord wat van God afkomstig is. Dis nie menslike opinies of nadenke oor God nie. God praat met ons. Hy het Hom geopenbaar.
- 4 Onder die ander voorveronderstellings is die inhoud van die belydenis van die grootste belang.

II Die inhoud van ons belydenis neem 'n belangrike plek hieronder in:

- 1 Kuyper het die funksie van die belydenis ten opsigte van die ondersoek van die Bybel vergelyk met die kaart van 'n stad. Daarsonder sal jy in 'n vreemde stad verdwaal. Ons maak dankbaar gebruik van wat ander voor ons geformuleer het. Almal en alles wat in die verlede daar was, is nie noodwendig verkeerd nie.
- 2 Die belydenis mag nooit bo die Skrif gestel word nie. Dit moet altyd weer aan die Skrif getoets word. Dit moet, indien nodig, volgens die Skrif hersien word en 'n mens kan jou van die belydenis op die Skrif beroep. Alleen die Skrif het volstrekke bindende gesag.

- 3 Ons sal onself deeglik rekenskap moet gee van wat ons bely. Ons moet die inhoud van die belydenis ken en nie sommer in die algemeen dink dat iets volgens of teen die belydenis is nie. Oor baie dinge spreek die belydenis hom nie uit nie.
- 4 Daarby moet ons onthou dat die belydenis tydbetrokke is. Daar word nie verniet in ons kerkorde, artikel 1, gepraat van die formule van enigheid "soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619" nie. Die Bybel het 'n boodskap vir alle tye hoewel dit tydbetrokke is. Dit geld ook van die belydenis. Omdat 1 Joh 5:76 in artikel IX van die Nederlandse Geloofsbelijdenis aangehaal word, hoort dit nie noodwendig in die Skrif nie.
- 5 Dan moet ons ook vra wat die belydenis wil bely. Wil artikel IV van die Nederlandse Geloofsbelijdenis bely dat Paulus die skrywer van die brief aan die Hebreërs is of net dat dié brief een van die kanonieke boeke is. Wil dit bely dat Kronieke Paralipomenon genoem moet word, of dat Klaagliedere nie as afsonderlike boek genoem mag word nie?
- 6 Die doel waarmee ons die belydenis gebruik, is nie om dit ten alle koste net maar te bewys nie. Ons word wel deur belydenis gelei. Wat van die vryheid van die eksegeese? Hier moet die regte balans gehandhaaf word.
- 7 Om aan die belydenis getrou te wees, beteken nie om jou deur die dogmatiek te laat oorheers nie! Om aan die belydenis gebind te wees, is nie dieselfde as om aan die dogmatiek gebind te wees nie. Moenie die waarde en belang van die dogmatiek onderskat nie! Daarsonder kan ons nie klaarkom nie. Maar die dogmatiek is nie so normatief dat die eksegeese net maar die dogmatiek se stellings moet bewys nie. Kom ons kyk na 'n voorbeeld.

Daar word gesê dat Jesus se wonderwerke "tekens van die koninkryk" is wat opgerig word. My Gereformeerde hart sal graag daarmee instemming wil betuig. Maar dit is nie 'n belydenis-voorveronderstelling nie, wel 'n dogmatiese. Let op 'n paar gevalle.

Die twee genesings van blindes in Markus se evangelie is nie net gewone genesings van blindes nie en nie sonder meer 'n aanduiding dat daar in die koninkryk nooit weer blindes sal wees nie. Dit gaan oor Jesus wat mense se oë open dat hulle Hom as die Seun van God herken. Dit is nie net Johannes wat blindheid geestelik interpreteer nie (Joh 9) en dit is ook geen vergeesteliking van die evangelie van Markus nie.

As Jesus die storm op die see stilmaak, is dit nie 'n aanduiding dat daar nooit weer in die koninkryk storms op see sal wees nie. By Markus wil dit Jesus as God aandui en by Matteus wil dit sê dat Jesus dié wat Hom volg, veilig bewaar.

Iemand het by ons gepreek oor Markus 11:12-14 en 11:20-26, die vervloeking van die vyeboom. U merk dadelik dat hy 11:15-19 uitgelaat het en dit staan in die kern. Toe hy dit by die Skriflesing ook al uitgelaat het, het ek al my hart vasgehou. Dit sou 'n teken van die koninkryk wees. In die koninkryk sal 'n mens nooit weer tevergeefs vrugte soek nie. Bome sal twaalf maal per jaar vrug dra. Dit klink pragtig. Die mense het daarvan gepraat. Maar die Bybel sê nie dat Jesus hierdie boom baie vrugte laat dra het nie. Inteen= deel, Hy het die boom nooit weer laat vrug dra nie. Hoe dit so 'n teken van die koninkryk kan wees, is, om dit sag te stel, moeilik te sien.

As ons hierdie aanwending van die Skrif bevraagteken, is dit nie 'n afwyking van die belydenis nie! Ons handhaaf juis die gesag van die Skrif, en dis die belydenis!

III Dit bewaar ons van fundamentalisme en biblisme:

- 1 Laat ons met biblisme begin. Dit moet met 'n kleinletter b geskrywe word want dit het weinig met die Bybel met 'n hoofletter B te doen. Dit klink so mooi en aanloklik. Ons wil teruggaan na die Bybel en net sê wat die Bybel sê: sola Scriptura.

Dan wil mense net woorde uit die Bybel aanhaal en hulle kan lang stringe tekste kwoteer. Dit is vreeslik imponerend. Teologie is nie blote repetering van Bybelwoorde nie. Ons belydenis sal ons

help. Die woord "Drie-eenheid" kom nie in die Bybel voor nie maar ons bely Hom. Getrouheid aan die belydenis bewaar ons van biblisme.

- 2 Op die ontstaan van die fundamentalisme aan die begin van hierdie eeu en sy ontwikkeling daarna hoef ons nie hier volledig in te gaan nie. Hulle het sekere sogenaamde fundamentele leerstukke uitgekies as dié belangrikste. Dit het tot 'n reduksie van die belydenis gelei. Kort kernagtige eie formulerings is in die plek van die historiese belydenis gestel. Daardeur is die balans versteur. As ons aan die belydenis getrou bly, sal ons die eenheid en geskakeerdheid raaksien.

'n Dominee wat in Potchefstroom gestudeer het, het gesê dat hy elke dag sy belydenisskrifte en sy kerkorde moes saamvat klas toe. Selfs nie die psalmsboek of die Bybel het hy so baie nodig gekry nie. Ek vertrou dat ons ons belydenisskrifte ook gereeld gebruik.

Ek is bewus daarvan dat ek baie hase opgejaag en hulle nie almal weer aangekeer het nie. Dit was ook nie my bedoeling nie. Die jaar se werk lê immers voor - anders was die jaar se werk dalk nie nodig nie. Ons sal op die vrae moet terugkom.

Positief moet ons dit stel:

- (a) Ons het die belydenis nodig en aanvaar dit met instemming. Daarsonder kan ons nie die teologie beoefen nie.
- (b) Ons loop nie met beswaarde gewetens omdat ons bedenkings teen die belydenis koester nie. Die belydenis bring ons persoonlike oortuiging tot uitdrukking.
- (c) Ons beoefen die teologie in die lig van die Skrif en belydenis.